Navrae
Enquiries V.R. GARDNER
Imibuzo

Telefoon
Telephone 467 2789
Ifoni

Faks
Fax 467 2996
Ifeksi

Verwysing
Reference 10/1/2/B
Isalathiso

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF: 0138/2002
VERVALDATUM: GEEN
AAN: HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, ADJUNKDIREKTEURE, SENIOR KRINGBESTUURDERS EN KRINGBESTUURDERS, HOOFKURRIKULUMADVISEURS EN KURRIKULUMADVISEURS, HOOFDE VAN OLSO-INRIGTINGS EN SKOOLKLINIEKE, EN VERVOERBEAMPTES

*KORT OPSOMMING: Wysiging van die bestaande Gesubsidieerde Motorvervoerskema-beleid*

**ONDERWERP: GESUBSIDIEERDE MOTORVERVOERSKEMA (DIE SKEMA): WYSIGINGS AAN BESTAANDE BELEID**

1. Nasionale kriteria met betrekking tot gesubsidieerde motorvervoer soos in Omsendbrief 95/2000 van 21 Julie 2000 bekend gemaak, is met ingang van 28 Februarie 2002 aangepas.

2. Die beleid is soos volg gewysig:

2.1 'n Voertuig met 'n enjinslagvolume van 1600cc wat onder Skema A gekoop is, het 'n kilometerlewe van 160 000. Alvorens so 'n voertuig aan amptelike diens onttrek mag word, moet daar aan die volgende kriteria voldoen word:

* 'n Minimum van 112 000 kilometers moes in amptelike diens afgelê gewees het;

* 32 maande van gebruik moes verstryk het;

* Die volle aankoopprys moes gedelg gewees het.

2.2 'n Persoon wat fisies in so 'n mate gestremd is dat hy of sy nie vir 'n bestuurderslisensie in aanmerking kan kom nie, mag nou aansoek doen om 'n gesubsidieerde voertuig mits hy of sy voldoen aan die kriterium om 21 000 km per jaar in amptelike diens af te lê. Die beampte moet egter twee persone wat oor geldige bestuurderslisensies beskik, as bestuurders van die voertuig benoem;

2.3 'n Deposito van 10% is betaalbaar wanneer 'n voertuig onder Skema B aangekoop word.

3. Bring asseblief die inhoud van hierdie dokument onder die aandag van alle belanghebbendes.

4. U kan die volgende beampte skakel indien u verdere inligting verlang:

Mnr. V.R. Gardner, Tel.nr (021) 467 2789

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2002-10-17